

OERWOUDVALK Nr. 4
Jagters van
ZARSJATA
A. P. DU PLESSIS

# JAGTERS VAN ZARSJATA

*deur*

**A. P. DU PLESSIS**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

Jagters van Zarsjata

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van 1959 en geredigeer deur Marney van Ginkel.
Tweede uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

Jagters van Zarsjata
deur A.P. du Plessis

ISBN: 978-1-928498-43-8

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)

Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

In hierdie vierde verhaal van die Oerwoudvalk reeks is die Valk en ’n geselskap blankes, wat hy probeer red het in die derde verhaal, steeds in die Oervallei. Die rede is omdat hulle op soek is na Mimi Loloberg, eertydse rolprentster, wat hulle vermoed deur die Sjaloks van Zarsjata ontvoer is. Dit pas voordat hulle ’n daadwerklike poging sou aanwend om uit die verskriklike vallei te probeer ontsnap.

Intussen daag daar ’n bende rampokkers in ’n helikopter uit die buitewêreld op, want hulle het nuus gekry oor blink klippies wat blykbaar volop is in hierdie tropiese Oervallei. Die diamante sal hulle oornag miljoenêrs kan maak in die moderne wêreld. Baie gou bots hulle egter met die verskillende oerstamme wat in die vallei voorkom.

Nie lank nie of die Valk is ook bewus van die nuwe gevaar wat dreig om hom en sy mede blankes te probeer vernietig. Asof dit nie reeds erg genoeg is nie, moet die Valk ook nog probeer om vir Mimi Loloberg uit die hande van die Sjaloks te probeer red en weer vrede te probeer skep tussen al die oerstamme in die Oervallei. Dit is ’n reuse taak wat op die Oerwoudman se skouers rus. In die proses moet die Valk kragte meet met een van die oervallei se kragtigste oermanne en ook ontsnap van ’n reuse oerdier se verwoede stormloop en dit is maar net van die Valk se opwindende avonture in die verlore Oervallei.

## UITTREKSEL

Die Valk gly tot stilstand. Die reptielvoël het tot die aanval oor gegaan. Sy vlerke vou soos ’n mantel om hom en hy duik reg op die Oerwoudman af. Soos weerlig beweeg die Valk se hande. Hy gryp ’n pyl, pas dit in sy boog, span en los. Die pyl klap as dit die gedrog in die bors tref en ’n luide gekras skeur die lug. Die Pteranodon is steeds bokant hom en kom reg op die Valk af gepyl. Die Valk duik eenkant toe en skuif op sy bors oor die gras. Hy spring op. Agter hom steier die gedrog dronk-dronk orent. Sy lang bek is wyd oop gerek en verskeie rye tande is sigbaar. Met klappende vlerke waggel die gedrog op sy potsierlike agterpote en kom spring-spring nader...

# INHOUD

**HOOFSTUK**

1. Die Verlore Vallei

2. Die Bloedkreet

3. Die Sjaloks

4. Nagtelike Soektog

5. Opdrag van die Dood

6. Jagters van Zarsjata

7. Die Sjoervesting

8. Die Laaste Stryd

# 4. JAGTERS VAN ZARSJATA

## Hoofstuk 1
## DIE VERLORE VALLEI

DIE kragtige helikopter se groot skroef sny die warm tropiese lug in ’n ooswaartse rigting, ’n paar honderd voet bo die uitgestrekte oerwoud.

In die ruim kajuit sit vyf mense, vier mans en ’n meisie. Onder hulle is die landskap geleidelik besig om te verander. ’n Spreiwolk dui ’n waterval in een van die magtige Kongo strome aan. Blou en dynserig lê ’n bergketting uitgestrek na die ooste.

“Wat sê daardie kaart... is dit nog ver?” Die lywige baron Alberto Rossini, internasionale swendelaar, smokkelaar en rampokkerleier, vee die sweetdruppels met ’n sakdoek van sy vet gelaat af.

Adolf Schweiner, seningtaai en blond, bestudeer die vergeelde kaart voor hom, maak haastige berekeninge met ’n passer en duimstok en sit dan sugtend terug in sy sitplek.

“Nog minstens vyftig myl”.

Baron Rossini vloek. “Bring die bier. Hierdie hitte sal mens nog ’n aaklige dood laat sterf”. Die groot sy-sakdoek kry weer werk.

“Moet pappa nie so ontstel nie. Dink liewer aan die groot rykdomme... aan al daardie pragtige diamante en goeters...”

Clodia, beeldskone dogter van baron Rossini, leun vooroor en streel oor haar vader se vet, bruin hand. Die baron se oë versag as hy na hierdie liefling van sy hart kyk, die enigste mens op aarde vir wie hy werklik lief is.

“Trek oop die helikopter se vet,” gelas hy Petro Sjepilof, ’n aartsboef en een van sy luitenante.

“Dit is reeds oop, Baron”. Sjepilof se stem is sag, amper teer. “Hier, Baron,” sê Peter Johnson, terwyl hy ’n glas skuimende drank na die baron uithou.
Baron Rossini neem die glas en laat sy oë oor sy manne dwaal. Almal betroubare kêrels en almal jare lank reeds in sy diens. Vir hulle almal koester hy hoë agting.
“Adolf, jy is nog steeds seker dat ons inligting juis is, ne? Daardie simpele kêrel het nie sommer net twak gepraat nie...”
Adolf glimlag. Sy tande is verbasend reëlmatig en sterk. Heeltemal ’n aantreklike soort kêrel, dink die baron. Maar, nou ja, mens het ook aantreklike en fyn beskaafde mense in sy groot organisasie nodig. Mense wat goeie indruk op andere kan maak. So ’n man is Adolf Schweiner.
“Die verhaal en die getuienis het baie eg geklink, Baron. En hierdie kaart se besonderhede klop tot dusver nog met die landskap”.
Baron Rossini knik tevrede, teug diep uit sy glas en verlustig hom in die koel vog wat in sy keel af stroom. Hy dink aan die maer en verslonsde kêreltjie wat een van sy manne twee maande gelede, na sy Italiaanse paleis, net buite Rome gebring het. Hy was die enigste oorblywende van ’n geselskap van vier, wat tien jaar gelede ’n vreemde vallei in Afrika ontdek het, het hy gesê. Twee lede van die geselskap het daar gesterf, die ander twee het ontvlug. Hulle het toe baie diamante met hulle saam geneem.
Vir ses jaar het hulle soos konings geleef, hy en sy maat. Die geheim van die vallei het hulle egter deurentyd verswyg. Agter in hul koppe was altyd die plan om die vallei weer eendag te besoek en dan nog meer skatte saam terug te bring. Maar sy maat het ongelukkig gesterf in ’n straatgeveg voor hulle dit kon doen. Hy self het al sy geld vermors. ’n Jaar

lank, so het hy gesê, leef hy reeds van genade brood. Toe wou hy hoor of die grote baron Alberto Rossini nie dalk belang stel om hom te help nie. Natuurlik kry elkeen se deel.
Die vet Italianer klik nou veragtend met sy tong. Nadat sy eie manne vas gestel het dat die kaart en gegewens heeltemal duidelik is en hulle die vallei se ligging min of meer op die landkaarte kon bepaal, het hy daardie kêreltjie een nag aan die see toevertrou.
Toe het hulle naarstiglik begin reëlings tref. Eers het hy nie veel belang gestel nie, maar sy eie onderduimse sake het later vir hom begin warm word en hy moes ’n paar maande "stil lê," soos hy dit self uitgedruk het.
En nou vlieg hy, Clodia en drie van sy betroubaarste manne hier oor die Kongo-oerwoude, op soek na daardie vreemde vallei met sy vreemde bewoners en sy onskatbare rykdomme.
Baron Rossini glimlag. Sy vet wange druk teen sy ooglede en verklein sy donkerbruin, amper swart oë. Baron Rossini het wel jare lank baie gemaklik geleef, hom selfs gewoond gemaak aan die weelde wat hy met sy fantastiese skatte kon bekostig.
Maar baron Rossini het ook al swaar gekry in sy lewe. Bitter swaar. En sy lewe was vol avontuur, avontuur waarvan hy uitermate gehou het. Die gedagte aan ’n vreemde valleie en vreemde diere, het daardie avontuurlus van hom weer wakker gemaak. Daarom die betrokke tog...
Hy leun verder terug in sy gemaklike sitplek en kyk by die groot vensters uit na die yl wolke, wat sommer hier laag bo die grond hang.
Hulle is goed toegerus vir die onderneming. In die geheime kajuit is snelgewere en volop ammunisie. Die helikopter het twee bykomende brandstoftenks en daar is genoeg

geneesmiddels vir enige gebeurlikhede. Hulle is ook almal ingespuit en vooraf behandel teen die bekende gevaarlike tropiese siektes.
Sjepilof, die laksman van die baron, wat reeds talle van sy vyande van die gras moes maak, laat die vaartuig geleidelik hoogte vermeerder. Vlak voor hulle, met diep geheimenisvolle klowe en barre, verweerde kranse, lê die ontsaglike bergketting.
"Ons is nie meer ver nie, Baron". Adolf Schweiner se stem klink effens opgewonde as hy van die kaart af op kyk. Clodia, met haar kort, raafswart hare, leun vooroor en verlustig haar in die groot natuurprag voor haar.
Die helikopter klim nou feitlik vertikaal. Hoër en hoër klim dit. Dan weer vorentoe tot waar die volgende bergketting nog hoër die lug in opskiet. Later is hulle tussen wolke en mis. Teen die vensters van die helikopter stroom waterdruppels af. Die wind ruk die brose vaartuig heen en weer. Steeds styg hulle. Later is hulle so omring deur die digte mis dat hulle niks meer kan sien nie.
Sjepilof hou gespanne die radarskerm voor hom dop. Om hulle, maar nou heeltemal onsigbaar, hang donker kransmassas in die lug en gaap diep valleie en skeure. En steeds huil die wind en speel met die vaartuig asof dit nie veel meer as 'n veertjie is nie.
Hulle bereik later tienduisend voet en steeds vlieg hulle hoër. Om hulle is digte mis wat deur die groot waaierskroef tot kolke gemaal word. Misvingers klou aan die vensters en water stroom deurentyd teen die vaartuig se kante af.
Dit het skielik koud geword in die vaartuig, ten spyte van die ingeboude verwarmingstelsel. Bo die geloei van die wind breek die gebrul van die helikopter se masjien af en toe deur.

Clodia ril effens. Die baron se oë glinster waar hy met 'n gevulde glas drank in die hand sit. Sjepilof, bygestaan deur Schweiner, is woordeloos. Hul oë dwaal beurtelings na die geel-wit misvingers, die waterstrepe teen die ruite en die instrumente op die paneelbord. Na ongeveer vyftienduisend voet begin die helikopter horisontaal beweeg. Steeds onder hulle lê die bergreeks, maar hulle kan dit nou nie meer sien nie.

Eenkant sit Peter Johnson, die skraal Brit met sy bleek gesig en groot oë. Hy kyk stil na buite. Sweet van benoudheid glinster aan sy smal voorkop. In sy hart brand die vrees, nee eintlik meer as dit. Dit is 'n wete dat hy nie weer sal terugkeer nie, dat hy Europa, sy nagklubs en sy lewe nie weer sal sien nie.

Peter Johnson weet dit as 'n gedwonge feit, want hulle het gesê dat hy met die helm gebore is en dat hy voorspooksels sien. Selfs dat hy en die duiwel vriende is.

Die vaartuig begin nou geleidelik hoogte verminder. Steeds is daar net die woelende, kolkende, vlugtende mis, nat vingers wat oor die ruite vee en die geloei van die ysige bergwind.

Die sweet stroom van Sjepilof se lyf af. Hy voel die koue nie eens nie. Sy hele lyf is gespanne, want hierdie vreemde wêreld waarin hy niks kan sien nie en net op sy radar apparaat en kompas aangewys is, verg al sy buitengewone vliegvernuf. Langs hom sit die Duitser en berekeninge maak. Agter hulle sit die vet Italianer, skynbaar rustig en ongestoord. Nou en dan teug hy van die vog in sy glas wat hy vashou. Langs hom sit Clodia, wat intussen 'n trui aangetrek het. Sy is stil en haar oë is wyd gerek. Die vreemde wêreld, die vrees vir wat agter die mis lê, het haar

ook al beet gepak.
Hulle beweeg weer ooswaarts, baie stadig en amper voelend. Die Brit suig aan ’n sigaar, ’n stil figuur met sy gesig by die ruit.
“Hoe lyk dit, Adolf? Is ons nog reg?” Die baron vroetel in sy sak en steek ook ’n sigaar aan.
Die Duitser knik bevestigend. “Ek het ’n gevoel dat ons bestemming baie naby mag wees”.
Clodia roep eensklaps uit. “Die mis... kyk, dit word minder!” Die baron sit vooroor. Johnson roer vir die eerste keer in minute en Sjepilof sug verlig. Schweiner glimlag en stryk met sy lang vingers deur sy welige kuif. Voor hulle vorm lang tonnels in die mis.
“Kan dit dalk die vallei wees?” Die baron blaas ’n digte rookwolk uit. In sy donker oë skitter verwagting.
“Baie moontlik, Baron. Daardie kêrel het gepraat van hoë berge en kranse, met mis bedek en wat die hele vallei omring”. Schweiner kyk in Clodia se oë en glimlag. Hy hou van die baron se dogter. Sy ook van hom, dit het sy een keer self vir hom gesê.
Sjepilof laat die helikopter vinnig hoogte verminder. Die hoogtenaald daal na tienduisend voet, negeduisend, agtduisend... Die mis word gaandeweg yler en yler. Dofweg onderskei hulle grounat kranse. Vierduisend voet en steeds daal hulle.
En dan onderskei hulle eindelik land daar ver onder hulle. Hulle onderskei groen plantegroei en verskeie waterstrome. Die boewe begin opgewonde babbel. Hulle praat van rykdomme en skitterende juwele. Alle gevaar is nou vir eers vergete. Gierige oë dwaal oor die uitgestrekte landskap benede hulle. Sjepilof laat die helikopter stadig, sowat ’n

duisend voet bo die oerwoud beweeg. Sy oë soek na ’n geskikte landingsplek. Hulle vaar ’n breë streep blink sonlig binne. Nêrens gewaar hulle enige tekens van lewe nie. Daar is net die broeiende oerwoud met sy yl stoomlae oor die plantegroei, moerasagtige dele op plekke, breë waterstrome en ver weg ’n magtige kransmuur te sien.

“Die verlore vallei my kinders en die einde van ons reis”. Baron Alberto Rossini klink amper aangedaan.

Selfs Johnson het ietsie van sy bleekheid verloor. Sy swaar, donker gedagtes is ook iets van die verlede. Gierigheid vonkel in sy oë en sy hart klop opgewonde in sy binneste. As hy genoeg edelstene kry, sal hy die gevaarlike werk waarmee hy reeds jare besig is, vaarwel kan toeroep. Hy sal vir hom ’n mooi Spaanse vrou gaan soek, ’n skilderagtige villa iewers naby die Franse Riviera gaan koop en lewe soos ’n miljoenêr. Geen opium of goudsmokkelary meer vir hom nie. Geen vrees meer dat die polisie enige oomblik op jou kan toeslaan nie. Net vreedsaamheid en rus... ’n Mooi vrou en kinders. Dit wou hy nog altyd gehad het. Maar omstandighede was teen hom...

Die helikopter hang soos ’n reuse naaldekoker oor ’n breë waterstroom, wat skerp in die sonlig skitter.

Johnson sit skielik regop. Hy kyk en kyk weer. Dan gaan sy mond oop, hy wil praat, maar sy stembande weier. As hy eindelik woorde gevorm kry, is dit hees, onduidelik en skaars hoorbaar.

Want skuins onder hulle plooi die water in reuse golwe, weg van die ontsaglike dier of ding wat van die lawaai bokant hom probeer weg vlug. Sy lang nek en klein koppie is potsierlik ver na vorentoe gerek. Sy breë rug en lang stert blink van die water wat daaroor spat.

"Kyk... hemel... wat is... wat is dit?" hyg Johnson, sy gelaat bleker as ooit tevore in sy lewe.
Clodia is die eerste na Johnson wat die vlugtende dier gewaar. Sy gil, sluk en beduie dan dat die ander ook moet kyk. Uitroepe van totale ongeloof volg. Sjepilof stuur die helikopter in die vlugtende dier se rigting. Dit spoor hom tot groter snelheid aan. Die ding beweeg na die oewer se kant toe.
"'n Oerdier!" Baron Rossini klink opgewonde. "'n Dier van miljoene jare gelede. Maar kyk hoe hardloop so 'n ding..." Sy groot maag skud behoorlik van die lag. Ook Schweiner begin die petalje nou geniet. Sjepilof laat die vaartuig reg op die oerdier afduik. Clodia gil waarskuwend.
"Moenie mal wees nie, man!" skreeu Johnson, nou weer met 'n sterk stem. "Wil jy ons verongeluk? Daardie ding kan ons tot semels vertrap..."
"Kyk, mense... daar is nog van die goed!" Schweiner beduie na waar nog twee van die logge diere, met hul groot lywe deur die water snel.
"Bring 'n snelgeweer, gou!" gelas die baron. Schweiner gehoorsaam onmiddellik. Hy druk 'n knoppie wat die geheime wapenkajuit se deur laat oopswaai. Hy gryp twee snelgewere en patrone en oorhandig een aan die baron. Nog een oorhandig hy aan Johnson. Hy self laai haastig die derde kragtige geweer.
"Ry so dat ons hom mooi van die kant onder skoot kan kry," skreeu die baron aan Sjepilof, wat die speletjie nou ook begin geniet. Schweiner maak een van die kajuitdeure oop. Sy oë korrel na die breë rug hier vlak onder hulle. Die klein bek van die dier gaap oop. Hy verbeel hom dat hy vrees in die ding se oë kan sien.

Die baron is langs hom. Hy lig die geweer. Maar dan trek iets anders sy aandag...
Sommer baie naby aan hulle hang ’n groot voël in die lug. Sy vlerke span maklik oor die twintig voet wyd. Sy lang bek is oop en hy kan selfs die ry tande daarin sien. Die voëlgedrog het ’n eienaardige lang agterkop, wat in ’n punt saamloop.
“Wag!” waarsku die rampokkerhoof. “Wat is daardie?” Hy beduie skuins na bo. Schweiner kyk en raak stil. Clodia, Johnson en Sjepilof kyk ook nou. Hulle merk meer van die gedrogte bokant hulle op... net verder weg.
“Dit is ’n... oervoël, pappa...” Clodia se stem is ’n flouerige fluistering.
Iets in Sjepilof waarsku hom teen die gedrogte. Maar hy staar asof gehipnotiseer na die ding skuins bokant hulle, wat die vreemde vaartuig onder hom eweneens wantrouig betrag. Dan breek die waarskuwing in Sjepilof se brein deur. Die besef laat hom koue rillings kry. As daardie gedrog die groot skroef moet tref, is hulle verlore! Hulle sal eenvoudig in die water neerstort en dadelik verswelg word.
Met bewende hande tas hy na ’n hefboom. Juis op daardie oomblik besluit die oervoël om aan te val. Agter en bokant hulle, baie nader hierdie keer, kom meer van die skrikwekkende gedrogte op hulle af gepyl.
Die helikopter begin hopeloos te stadig na hulle sin, weg te beweeg van die naderende gedrogte. “Skiet, Baron, skiet!” Sjepilof se stem kraak. Sy kakebene klam op mekaar van spanning. Hy wil baie dinge gelyk sê. Waarom skiet hulle nie? Besef hulle nie die gevaar nie. Dan stotter hy dit eindelik uit.
“Skiet, Baron, Schweiner, Johnson, julle moet skiet...”

Die helikopter beweeg nou vinniger en klim effens hoër. Die voorste oergedrog is skaars dertig treë van hulle af.

Die baron se hande bewe effens as hy die eerste stroom staalkoeëls uit sy snelgeweer se bek stuur. Dit fluit egter skadeloos verby die oervoël. Schweiner se geweer ruk langs hom. Die oervoël kantel en kras hoorbaar bo die helikopter se gedreun uit. Sy een vlerk hang skielik magteloos. Hy stort die volgende oomblik na benede, plof na verskeie sekondes in die water neer en dryf daarna op die water se oppervlakte. Die oervoël slaan hulpeloos met sy vlerke en hap die water met sy gevaarlike bek. Om hom kleur die water reeds rooi. ’n Groot plat bek verskyn by hom, gryp, byt vas en trek. Die voël kras nou wanhopig en dan stroom water sy bek binne en verdwyn hy vir goed onder die water.

Agter die helikopter volg die ander oervoëls in ’n uitgespreide streep. Maar Sjepilof is oortuig daarvan dat hy hulle sal kan afskud, nou dat hy reeds genoeg spoed op getel het. Die helikopter dreun bo-oor nog ’n vlugtende dinosourus. Dan is hulle bokant die digte, rykgroen oerwoud. Dit is net een see van eienaardige bome en kleurige blomme in die boomtoppe.

’n Rukkie later beweeg hulle oor kaler wêreld. Die baron gelas Sjepilof om op ’n geskikte plek te gaan land. “As daardie voëls dan nog wil moeilikheid hê, sal ons hulle almal vol gate skiet,” sê hy selfvoldaan.

Sjepilof verminder snelheid en almal begin outomaties na ’n geskikte oop stuk grond soek. ’n Keer of wat gewaar hulle vreemde diere lewe, maar dit skyn of alles op die oomblik die boswêreld binne gevlug het. Bo ’n kaalgetrapte stuk grond laat Sjepilof die helikopter ’n rukkie hang, terwyl hulle die omgewing eers fyn dophou. Ver agter hulle gewaar hulle nog

van die oervoëls, maar dit skyn asof hulle nou minder in getalle is.
Die Rus laat die helikopter stadig laer sak totdat die wiele op die grasbedekte grond rus. Dan skakel hy die kragtige motore af. Die stilte wat daarop volg is vreemd vir die groepie van die buite wêreld.
Met sy snelgeweer gereed in sy hand, spring Schweiner eerste uit die helikopter. Johnson volg hom. Hulle neem weerskante van die vaartuig stelling in, gewere gereed. Hulle fynkam die omgewing met hul oë, maar alles bly vreedsaam en stil. Dofweg hoor hulle iets wat na 'n gebrul klink.
"Alles reg," sê Schweiner. Hy help Clodia uit die helikopter, ook met 'n geweer in haar hand. Daarna volg die baron en Sjepilof. Dit is drukkend warm en die baron vee die sweet van sy vet gelaat af. Van die voëls is daar nou niks meer te siene nie. Daar is net stilte en 'n drukkende hitte om hulle. Dit is asof selfs die lug stil staan. Swaar, klewerige, klam lug wat ordentlike asemhaling bemoeilik.
'n Kleurvolle insek vlieg by hulle verby.
Die baron sug. "Ons moet maar hier vuur aanpak, vanaand hier slaap en dan môre verder verken".
Die manne gehoorsaam. Twee klim terug in die helikopter om die ligte tentjies te gaan haal.
Sjepilof buk eenkant en betrag 'n groot spoor in die grond. "Baron, kom kyk bietjie hier". Die rampokkerhoof gehoorsaam. Sy asem fluit behoorlik deur sy keel as hy die geweldige omvang van die spoor sien. Nou merk hulle dat daar oral van die spore in die kaalgetrapte kolle is.
"Soos daardie kêrel gesê het, Baron. Hier leef vreemde diere wat lankal uitgesterf moes gewees het!"
Clodia loer wantrouig na die bome 'n endjie van hulle af.

Selfs nie eens hul breë, varingagtige blare roer nie. Dit voel vir haar kompleet asof hulle wag vir iets wat moet gebeur. Iets verskrikliks. Sy kyk na Johnson en Schweiner wat reeds eenkant met die opslaan van die tente begin het.
Vir die eerste keer begin sy werklik aan die wysheid van hulle besluit twyfel. Hulle was tog ryk genoeg. Hulle kon al die weelde wat hulle harte begeer het, bekostig. Dit was nie nodig om duisende myle ver te vlieg om hier na diamante te kom soek nie... Net om miskien hier, in die vreemde wêreld, te sterf in die proses nie.
Sy kyk na Johnson se bleek gelaat en sy dink aan die praatjies wat sy al van hom gehoor het. Hy is heldersiende, word daar van hom gesê. Hy sien voorbodes en gaan met die duiwel om...
Clodia ril. Sy kyk na haar vader wat nou regop staan en na die oerwoud se kant toe kyk. Sy vet hande klem stewig om sy snelgeweer. Ook hy voel onrustig, dit weet sy...
Daardie aand lek die vlamme hoog om die twee seiltente. Die een is vir Clodia en haar rampokker vader, die ander vir die Duitser, die Brit en die Rus. Maar daar is vooraf gereël dat twee manne op ’n slag op wag sal wees. Die baron se opdrag is duidelik en uit ondervinding weet sy manne dat dit eenvoudig gehoorsaam moet word. Elkeen sal vier uur lank wag hou. Elkeen van hulle is tot die tande toe gewapen, met ’n snelgeweer en ’n sterk koplamp wat om hul hoofde gegespe is. Die baron sal self later ’n beurt neem.
Op die oomblik lê hy en Clodia onder muskietnette, in een tent op hul binneveer kampbedjies. In die ander tent lê die Duitser, terwyl Sjepilof en Johnson buite wag staan.
Die nag is vol geluide... van die vreemdste geluide wat hulle nog gehoor het. Dit is koeler, amper koud en die twee mans

bly in die omgewing van die drie vure.
Die groot helikopter staan helder verlig in die lig van die kampvuur se vlamme. Verder weg word ook die varings en boomgroei spookagtig verlig. Sjepilof en Johnson is gespanne. En in die tente kan nie een van die ander drie slaap nie. Hulle rol onrustig rond en hulle luister na die knettering van die houtstompe in die vlamme en die vreemde nag geluide.
Die nag is donker en die lug toegetrek. Een of twee keer verbeel die Rus dat hy iets net buite die ligkring kan onderskei, maar sodra hy sy koplamp aanslaan, is daar niks nie. Dit begin ernstig op sy senuwees werk. Aan die ander kant van die kamp staan Schweiner en luister na die gekraak van bene. 'n Diep rommelbrul kom kort-kort uit die rigting van die oerwoud na hom toe aan gesweef. Ook hy slaan herhaaldelik sy koplamp aan en ondersoek dan die swart stamme voor hom.
Maar hy sien niks waarna hy kan skiet nie. Tog weet hy dat hulle daar is... vreemde diere wat hulle voortdurend dophou. Miskien ook mense. Hoe sal hulle lyk? Daardie kêrel wat die geheime van die vallei aan hulle verklap het, het gepraat van barbaarse oermense, met lang hare en primitiewe wapens.
Schweiner kyk na sy snelgeweer. Hiermee sien hy kans vir 'n hele leër oermanne. Hy gooi nog 'n paar stompe in die vlamme.
Schweiner is 'n produk van die Tweede Wêreldoorlog. In die stryd het hy albei sy ouers tragies verloor. Na die oorlog het hy tussen die oorblywende ruïnes rond geswerf. Sy kos het hy, soos honderde ander, in asblikke gekry en verder het hy kos gesteel.

Dikwels het hulle soos honde om ’n stukkie afvalkos geveg, soms reeds half bederf. Dit was in so ’n geveg dat hy een keer ’n Amerikaanse soldaat met ’n mes dood gesteek het, toe die hulle uit mekaar wou maak. Daarna moes hy vir sy lewe vlug.

Hy het een van die baron se adjudante raak geloop en sedertdien is hy ’n beroepsmisdadiger. Schweiner sug as hy aan sy jeugjare terug dink. Dit was moeilike jare daardie... Daardie soldaat het hy dood gesteek toe die hom aan sy oor gegryp het. Daarna het hy ’n verraaier in die baron se internasionale organisasie, op bevel van die baron dood geskiet. Twee mans is dus al op sy kerfstok. Schweiner sug.

Sy gedagtes word onderbreek as die Rus hier by hom sê dat hul wagbeurt nou verby is en dat hy Johnson en die baron moet gaan roep.

Ligdag die volgende oggend, beveel die baron vir Johnson om die ander te gaan roep, terwyl hy self met die snelgeweer onder die arm, in die rigting van die oerwoud koers kry. Baron Rossini mag een van die grootste swendelaars in die wêreld wees, maar hy is geen lafaard nie. Hy voer dus sy besluit van die nag uit, om die onmiddellike oerwoud, vroeg die oggend te gaan verken en te kyk of hy nie meer van die vreemde spore kan sien nie.

En van agter ’n struikgewas betrag ’n lang oerman met ’n koper spies die naderende baron. Die oerman voel seker van homself. Hierdie vreemdeling dra immers geen wapen nie, behalwe daardie snaakse stokkie wat nie eens ’n skerp punt soos sy spies het nie. ’n End daarvandaan is ’n hele krygsmag van sy eie mense. Hulle is onderweg om ’n strooptog op die Sjaloks, hul aartsvyande, te gaan uitvoer.

Baron Rossini stap vreesloos maar waaksaam by die eerste